Laerskool Roodekrans

BRIEF: 20170923

29 September 2017

Geagte Ouers

Hiermee wil ons graag die proses wat gevolg moet word, ten einde in aanmerking te kom vir 'n **Prestasie buite-skoolverband-toekenning,** aan u deurgee.

1. Vorms
   - Die vorms sal op die D6, sowel as die webblad beskikbaar wees.
   - Kies die korrekte vorm afhangende waaraan u kind deelgeneem het.
     - Dans
     - Drama
     - Instrumentaal
     - Kreatiewe kunswedstryd
     - Sang
     - Sport

2. Voltooi dié betrokke vorm volledig. Heg asb. bewys van prestasies aan.

3. Die vorm, saam met die bewys van prestasie, moet elektronies per aktiwiteit ge-epos word na **Ronel Botha – ontvangs@roodekranslaer.co.za.**

   Alle vorms moet voor of op **MAANDAG, 6 NOVEMBER** elektronies ingehandig wees.
   GEEN harde kopieë word aanvaar nie.

4. Gebruik asb. verwysings soos volg in die onderwerp van die e-pos.

   Prestasie Buite-skoolverband: Leerder se naam en van – Aktiwiteit.
   Bv. Prestasie Buite-skoolverband: Gert Lubbe – Sport.

5. Leerders wat kwalifiseer vir 'n toekenning, sal 'n uitnodiging ontvang na die prysuitdelingsfunksie wat plaasvind op **Maandag, 27 November 2017 om 18:00.**

Indien u enige verdere navrae het, kontak asb. vir juf. Tanie Janse van Rensburg by die skool.

Groete

ME. TANIE J VAN RENSBURG
ORGANISEERDER

MNR. G.G ROUSSEAU
HOOF

H/v Wilde Amandellaan en Gardeniastraat, Roodekrans
Telefoon: 011 764-2920 / 2921 / 2931 • Faks: 011 764-2207 • Posbus 2152, Wilropark 1731
e-pos: hoof@roodekranslaer.co.za • www.roodekrans.net